Meneer Vis en Mejuffrou Fynbosfees

Nuutsvaniets-Herwinningskompetisie

Naam van deelnemer: .....

Meisie / Seun:.....

Ouderdom: .....(Let wel: deelnemers mag nie jonger as 12 jaar of ouer as 18 jaar op 20 Desember 2019 wees nie)

Selnommer of voog/ouer se selnommer: .....

Reëls van die kompetisie:

1. Kompetisie is oop vir enige persoon tussen 12 en 18 jaar wat by die Vis- en Fynbosfees gaan wees op 20 Desember 2019.
2. Hierdie is nie ’n skoonheidskompetisie nie. Dit is ’n kompetisie waar jou innovering ten opsigte van herwinning beoordeel gaan word.
3. Enige items wat in jou hande gedra kan word, op jou kop of aan jou lyf gedra of vasgemaak kan word, sal beoordeel word. Hierna verwys ons na die nuutskepping.
4. Enige item wat jy inskryf moet aan die volgende vereistes voldoen:
    a. Jy moes dit self gemaak het. Geen kommersiële produkte word aanvaar nie.
    b. Die item moes eers ’n ander funksionele item gewees het (bv. ’n inkopiesak, plastiekbottel, glasbottel, ens. Dit is slegs hierdie items wat beoordeel gaan word, al word dit gemeng en pas met nuwe items. Die beoordelaars gaan wel kyk hoe dit inpas by die funksionaliteit.)
5. Punte word gegee vir die volgende:
    a. Kreatiwiteit (hoe oorspronklik is jou nuutskepping en hoeveel beplanning/dinkwerk het ingegaan in die skepping)
    b. Hoe funksioneel is jou nuutskepping, m.a.w. kan mens dit regtig gebruik, werk dit?
    c. Hoe netjies is jou werk en afronding aan die nuutskepping.
6. Die beoordelaars gaan jou dalk versoek om te demonstreer/verduidelik hoe jou nuutskepping werk of saamgestel is. Wees voorbereid om te verduidelik.
7. Die twee wenners (een meisie en een seun) wen elk ’n kontantprys en ’n trofee geskenk deur Henque Waste.
8. Die beoordelaars se besluit is finaal en geen korrespondensie/gesprek sal hieroor gevoer word nie.
9. Wenners en deelnemers gee toestemming dat foto’s van hulle nuutskeppings in die media en ook sosiale media gedeel word.